



# REG OP VOEDSEL

## FEITEBLAD



## Wat is die reg op voedsel?

Die reg op voedsel is 'n mensereg wat erken word deur nasionale en internasionale wette. Dit beskerm mense se reg op toegang tot voedsel en om hulself te voed deur hulle eie voedsel te produseer of voedsel te koop. Die reg op voedsel hou verband met 'n mens se reg op lewe en waardigheid. Die reg op voedsel vereis dat voedsel **ten alle tye en sonder diskriminasie** vir almal **beskikbaar, toeganklik** en **voldoende** sal wees.

'n Huis of persoon is voedselonseker indien hierdie vlak van toegang nie geniet word nie. Van gelyke belang is dat die voedsel op so 'n manier onder die gesin verdeel moet word dat elke lid van die huishouding toegang tot voldoende voedsel het. Voedselverdeling moet ook gedoen word sonder onregverdig diskriminasie teen lede van die huishouding.

Almal in Suid Afrika behoort in staat te wees om sonder skaamte en onredelike struikelblokke aan daaglikse aktiwiteite deel te neem. Dit beteken, onder andere, dat hulle op waardige wyse toegang tot hul basiese behoeftes soos voedsel behoort te hê. Mense benodig sade, water, produksievaardighede en ander hulpbronne om hul eie voedsel te produseer. 'n Persoon mag dalk ook toegang tot kapitaal benodig.

### Regering se verpligtinge

Artikel 27(1)(b) van Suid-Afrika se Grondwet stel: "Elkeen het die reg op toegang tot voldoende voedsel en water." Hierdie verpligting word in Artikel 27(2) uitgebrei: "Die staat moet redelike wetgewende en ander maatreëls tref om binne sy beskikbare middele elk van hierdie regte in toenemende mate te verwesenlik." Volgens Artikel 35(2)(e) van die Grondwet het gevangenes en elkeen wat aangehou word ook die reg op voldoende voedsel en Artikel 28(1)(c) stel dit dat elk kind die reg het op "basiese voeding, skooling, basiese gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste".

*Elke reg in ons Grondwet is gelyk. Regte staan afhanklik tot mekaar. Byvoorbeeld, dit is moeilik om op skool te leer en 'n opvoeding te verkry sonder voedsel. Die regte is van toepassing op almal in ons land; kinders, gevangenes, buitelanders en bejaardes*

Suid-Afrika het ook baie internasionale ooreenkomste geteken wat beteken dat dit die volgende moet verseker:

**Respek:** van bestaande toegang tot voldoende voedsel. Die regering kan nie enige maatreëls neem wat die voorkoming van sulke toegang tot gevolg het nie;

**Beskerm:** vereis regeringsmaatreëls om te verseker dat maatskappye of individue nie ander individue weerhou van toegang tot voldoende voedsel nie;

**Verwerklik:** beteken dat die regering pro-aktief moet deelneem aan aktiwiteite wat ten doel het om mense se toegang tot hulpbronne wat gebruik kan word vir voedselproduksie, te versterk. Die regering moet direkte toegang tot die reg op voldoende voedsel verskaf indien 'n individu of groep, as gevolg van redes wat buite hul beheer is, nie daartoe in staat is nie.

Dit beteken dat die regering 'n bemagtigings omgewing moet verskaf waar mense voldoende voedsel vir hulself en hul gesinne kan produseer of aanskaf. 'n Persoon moet toegang tot 'n inkomste hê om voedsel te koop en die regering moet toegang tot maatskaplike sekerheid verskaf aan die mense en gesinne wat nie toegang tot 'n inkomste het nie.



### Beperkings tot die reg op toegang

Die reg op voedsel **beteken nie** dat individue en groepe die reg het om voedsel te ontvang nie. Dit beteken dat 'n mens die reg het om jouself met waardigheid, deur ekonomiese en ander aktiwiteite, te voed. Met ander woorde, individue en groepe is verantwoordelik daarvoor om aktiwiteite te doen wat hul in staat stel om toegang tot voedsel te hê. Die staat het nietemin, 'n belangrike rol te speel in die ondersteuning van dié pogings.

Elke individu het die verpligting om hulself en hul gesinne te voed. Dit kan geskied óf deur te werk om sodoende geld te verdien om voedsel te koop, óf deur grond te bewerk om sodoende voedsel vir eie verbruik en om aan ander te verkoop, te kweek. Niemand word toegelaat om 'n ander persoon se persoonlike reg op toegang op voedsel te

belemmer nie, tensy hul op daardie persoon se wettlike reg oortree. Ouers veral, is verplig om aan hul kinders voedsel te verskaf. Die staat is verplig om in te tree en voedsel te verskaf wanneer die ouers nie kan nie. Ander beperkings in die toegang tot die reg op voedsel berus by regeringsbeleid en die tekort aan beleidsimplementering. Die meeste van Suid-Afrika se landbougrond word steeds deur die blanke minderheid besit en grondherverspreiding is nodig. Daar is ook 'n tekort aan steun vir kleinskaalse boere om voedselsekureit en –produksie te bevorder. Stedelike boerderye word nie genoegsaam aangemoedig of ondersteun nie, ten spyte van die behoefte aan voedsel in die stede. Die vlak van toegang tot maatskaplike toelae is, vergeleke stedelike gebiede, laer in landelike gebiede, waar verarming algemeen is.

Daar is 'n behoefte dat die regering op doeltreffende grondverspreiding fokus, kleinskaalse boere met vaardighede en geld vir ontwikkeling te help, stedelike boerderye aan moedigheid en te steun en om te verseker dat mense in landelike gebiede bewus is van hul reg op maatskaplike sekerheid en in staat is om maatskaplike toelae te bekom. Die regering moet ook programme daarstel om klimaatsverandering te voorkom en gemeenskappe te help om aan te pas by die uitwerking van klimaatsverandering.

### Skakels tussen die reg op voedsel en ander menseregte<sup>1</sup>

**Die reg op gesondheid:** Voeding is 'n komponent van beide die reg op gesondheid en die reg op voedsel. 'n Swanger vrou of 'n vrou wat borsvoed en haar baba kan deur wanvoeding geraak word, selfs al kry sy voor- en nageboortelike sorg, indien sy toegang tot voedsame voedsel geweier word.

**Die reg op lewe:** mense staar die risiko van hongerdood, wanvoeding of gevolglike siekte in die gesig wanneer hul nie hulself kan voed nie.

**Die reg op water:** die reg op voedsel kan nie verwesenlik word as mense nie volhoubare toegang tot veilige en skoon drinkwater vir persoonlike en huishoudelike gebruik het nie.

<sup>1</sup> <http://www.ohchr.org/Documents/Publications/FactSheet34en.pdf>. Regte hou almal verband met mekaar, die regte hierbo is slegs 'n paar van die basiese menseregte waarop almal geregtig is, wat beperk of geweier word wanneer mense voedselonsekerheid ervaar.

**Die reg op onderrig:** honger en wanvoeding belemmer kinders se vermoë om te leer en mag hulle forseer om op te skop en eerder te werk, wat hul reg op onderrig beperk en ondermyn.

**Die reg om te werk en op maatskaplike sekerheid:** Indiensname en maatskaplike sekuriteit is dikwels 'n kernbelangrike manier om voedsel te verkry. Minimumloon- en maatskaplike sekerheidsvoordele word, aan die ander kant, dikwels deur die koste van basiese voedsel op die mark in ag te neem, bepaal.

**Die reg op inligting:** Inligting is kernbelangrik vir die reg op voedsel. Dit stel individue in staat om te weet oor voedsel en voeding, markte en die toewysing van hulpbronne. Dit versterk mense se deelname en vrye verbruikerskeuse. Dus fasiliteer die beskerming en bevordering van die reg om inligting te soek, te ontvang en te deel, die reg op voedsel.



### Feite oor voedsel

Suid-Afrika het een van die hoogste armoede- en ongelukkigheidskoerse te wêreld. Daar is tans ongeveer 11 miljoen mense in Suid-Afrika wat voedselonseker is (wat nie weet waar hul volgende maaltyd vandaan sal kom nie).

Daar is 12 miljoen arm, voedselonseker mense, waarvan 70% in landelike gebiede woon<sup>2</sup>. Meer as 60% mense wat chronies honger is, is vrouens.<sup>3</sup>

Wanvoeding bly die wêreld se ernstigste gesondheidsprobleem en die enkel grootste bydraer tot kindersterftes, meer as MIV/Vigs, TB en malaria gesamentlik.<sup>4</sup>

Ongeveer 1,5 miljoen kinders onder die ouderdom van 6 jaar se ontwikkelig word deur chroniese wanvoeding teëgehou.

Ongeveer 25% van alle honger mense ter wêreld is afkomstig van Sub-Sahara-Afrika.

Die tekort aan voldoende voedsel en voeding is stellig die mees kritieke kwessie wat kinders in Suid-Afrika vandag in die gesig staar. Die tekort aan toegang tot voedsel vir kinders sal regte soos die reg op gesondheid en onderrig beïnvloed.

Alhoewel Suid-Afrika 'n voedselproduseerder is, is toegang tot dié voedsel vir alle mense in Suid-Afrika moeilik.

Daar is genoeg voedsel ter wêreld om elke mens te voed, maar as gevolg van 'n aantal faktore kan nie almal voedsel bekom nie.

Baie van die beste landbougrond ter wêreld word gebruik om kommoditeite soos katoen, sisal, tee, tabak, suikerriet en kakao te kweek; items wat nie-voedselprodukte is of effens voedsaam is, maar waarvoor daar 'n groot aanvraag is.

Klimaatsverandering word al hoe meer gesien as 'n huidige en toekomstige oorsaak van honger en armoede. Klimaatsverandering en wisselende weerpatrone kan moontlik teen 2050 'n verdere 24 miljoen kinders in hondersnood inforceer. Byna die helfte van dié kinders sal in Sub-Sahara-Afrika wees.<sup>5</sup>

'n Paar privaat maatskappye regoor die wêreld behou die lisensie op die gebruik van sade om voedsel te produseer en dié maatskappye bepaal op die prys van daardie sade wat dan aan plaaslike boere verskaf word. Die graad van beheer deur 'n klein minderheid op sade, hul kwaliteit, verskaffing en pryse beïnvloed mense se vermoë om hulle eie voedsel te kweek en goedkoper voedselprodukte te produseer.

Net minder as 80% van alle Suid-Afrikaanse voedsel is geneties gemanipuleer (GG).

GG-voedsel word gemanipuleer deur klein fragmente van genetiese materiaal, gene of organismes te verwyder of by te voeg om sodoende gewensde karaktereïenskappe te skep. Sulke geneties gemanipuleerde organismes word ook GGO's genoem. Die langtermyn invloed van die inname van GG-voedsel is onbekend en moontlik gevaarlik.



### Die SAMRK se rol

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) is 'n onafhanklike liggaam wat deur die Grondwet gestig is om die verwesenliking van menseregte in ons land te monitor, beskerm, bevorder en vervul. Suid-Afrika het een van die hoogste armoede- en ongelukkigheidskoerse. Dus is dit vir die SAMRK kommerwekkend wanneer basiese regte, soos die reg op voedsel, kwesbaar is. Die SAMRK kan hulp verleen met toegang tot voedsel deur sy mag te gebruik om in samewerking te tree met agentskappe soos Sassa, plaaslike-, provinsiale- en nasionale regeringsdepartemente en bestaansboere betreffende probleme wat mense in gemeenskappe in die gesig staar en om kwesbare mense te help (soos kinders en mense met gebreke) om toegang tot hulle regte te verkry.

Die staat het die verpligting om, wanneer ookal 'n individu of groep nie hul reg op genoegsame voedsel deur die middele tot hul eie beskikking kan geniet nie, die reg direk te vervul en die SAMRK sal mense help, veral kwesbare groepe, om saam met die regering te werk om dié reg te bekom. Die SAMRK moet ook verseker dat die bewustheid van die reg op toegang tot voedsel vermeerder word, wat dus hervorming in alle sektore, insluitend dié wat betrokke is by voedselproduksie, stimuleer.

Die SAMRK se inisiatiewe sluit in die aanspreek van individuele klagtes, hulp aan kwesbare groepe soos vrouens en mense met gebreke, voedselkoöperatiewe, regeringsbelanghebbendes en rolspeleers in die privaat sektor om sodoende hervorming op verskillende vlakke van die produksie en verskaffing van voedsel, aan te moedig.



## KONTAK ONS

Webtuiste: [www.sahrc.org.za](http://www.sahrc.org.za)

E-pos: [info@sahrc.org.za](mailto:info@sahrc.org.za)

### Hoofkantoor:

Braampark Forum 3, Hoofdstraat 33,  
Braamfontein; Johannesburg  
Tel.: 011 877 3600 | Faks.: 011 403 0684

### Oos-Kaap

Vierde vloer, Oxford-huis,  
Oxfordstraat 86; Oos-Londen  
Posbus 972, Oos-Londen, 5200  
Tel.: 043 722 7828 | Faks.: 043 722 7830

### Vrystaat

East Burgerstraat 50, eerste vloer,  
TAB-gebou, Bloemfontein  
Posbus 4245, Bloemfontein, 9301  
Tel.: 051 447 1133 | Faks.: 051 447 1128

### Gauteng

Tweede vloer, Braampark Forum 3,  
Hoofdstraat 33, Braamfontein  
Privaat sak X 2700, Houghton, 2041  
Tel.: 011 877 3750 | Faks.: 011 403 0668

### KwaZulu-Natal

Eerste vloer, Victoriawal 136, Durban  
Posbus 1456, Durban, 4000  
Tel.: 031 304 7323/4/5 | Faks.: 031 304 7323

### Limpopo

Eerste vloer, Kantoor 102, Biblioteektuinplein,  
Hoek van Schoeman- en Groblerstraat, Polokwane  
Posbus 4431, Polokwane, 0700  
Tel.: 015 291 3500 | Faks.: 015 291 3505

### Mpumalanga

Vierde vloer, Carlitex-gebou, Bellstraat 32, Nelspruit  
Posbus 6574, Nelspruit, 1200  
Tel.: 013 752 8292/5870 | Faks.: 013 752 6890

### Noord-Kaap

Mark- and Scottstraat 45, Ancorley-gebou, Upington  
Posbus 1816, Upington, 8800  
Tel.: 054 332 3993/4 | Faks.: 054 332 7750

### Noordwes

Klopperstraat 170, Rustenburg  
Posbus 9586, Rustenburg, 0300  
Tel.: 014 592 0694 | Faks.: 014 594 1069

### Wes-Kaap

Sewende vloer, ABSA-gebou,  
Adderleystraat 132, Kaapstad  
Posbus 3563, Kaapstad, 8000  
Tel.: 021 426 2277 | Faks.: 021 426 2875